GEORGE
THE CITY FOR ALL REASONS

Mnr. Walter Hendricks, Direkteur: Gemeenskapsdienste, het gesê: “Ongelukkig is die probleem van Persone wat op straat lewe, `n wêreldwye verskynselen en kan dit aangespreek word, maar nie noodwendig onmiddellik opgelos word nie.

Ons Gemeenskapsontwikkelingsafdeling poog daagliks om die maatskaplike kwessies aan te spreek met `n werkskeppingsprojek en ‘n werksplasingsprojek met persone wat op straat lewe.

Ons help persone om hul identiteitsdokumente te bekom en om aansoek te doen vir ‘n staatstoelaag. Persone wat werk en/of in afwagting is vir hul staatstoelaag kan dan reëlings tref met die George Nagskuiling vir akkomodasie. Baie persone kontak ons kantoor om `n geldelike bydrae te maak en ons verwys hulle dan na die Nagskuiling sodat hulle kan betaal vir diegene wat dit nie kan bekostig nie.

Ons het “Soup Drives” wat twee keer `n week plaasvind en dit word ook gebruik om opnames te maak en op hoogte te bly van die getal hawelose persone in George. Ons doen ook behuisingsaansoeke vir persone wat met kinders op straat lewe.

Ons help ook persone om kontak te maak met hul families met die oog op moontlike hereniging. Baie van ons kliënte is al herenig met hul families.George Gemeenskapsontwikkelingsafdeling werk saam mett die Departement van Maatskaplike dienste en Kidstop wanneer kinders betrokke is.

Ons help ook persone om akkomodasie te kry wat uit die Nagskuiling wil beweeg wanneer hulle tydperk daar verstreke is, asook nuwe persone om dan in te beweeg na die Nagskuiling.Daar is ook van die persone op straat wie nie by die Nagskuiling wil bly nie as gevolg van die streng reëls wat dwelms en drank verbied.

Daar word ook op 'n gereelde basis Opvoedings- en Bewusmakingssessies gehou met die teikengroep. Hierdie sessies word aangebied deur verskeie interne sowel as eksterne rolspelers.

Ons Maatskaplike Ontwikkelingsafdeling werk hard om die situasie aan te spreek, maar kan nie die gedrag van mense beheer nie. Daar word ook dikwels nuwe persone in George opgemerk wat op straat woon en dit bemoeilik ook die situasie.

Ons Wetstoepassers is nie by magte om genoemde persone vanaf die perseel van ‘n staatsinstansie of privaat eiendom te verwyder, sonder grondige rede nie. Die hofbestuurder kan moontlik ‘n klag by die polisie aanhangig maak.